
LAERSKOOL MIKRO

# Tyd

## Kwartaal 2 Week 3










Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Wat het ons die week geleer:

- Wat is tyd?
- Vertel vir mamma wat doen jy in die oggend, middag en aand?
- Waarmee meet ons tyd?
- Waarmee het mense in die verlede tyd gemeet?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dag 5

## 8 Mei 2020






Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Hoekom is tyd belangrik?

- Het jy al ooit gewonder hoekom dit nodig is om te weet hoe laat dit is?
- Wat dink jy sal gebeur as daar nie iets soos tyd is nie?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Tyd bepaal die verloop van gebeurtenisse:

- Dit bepaal ons seisoene.
- Dit bepaal dag en nag.



vier seisoene



dag en nag

MAAR:


Dit help ons om te weet wat ons wanneer moet doen gedurende die dag.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

- Dit help ons om te weet wanneer kos **vars** is en wanneer kos te lank staan en dalk al **vrot** is.



- Dit help ons met die **voorbereiding** van kos. Het jy al gesien wat gebeur as mamma per ongeluk die vleis te lank in die pot sit?



- Dit help ook vir ons om nie **laat** te wees vir werk en afsprake nie, maar om altyd **betyds** te wees.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

Jy het die gediggie al so mooi geoefen, sê hom weer vir mamma op (sit sommer jou eie bewegings by terwyl jy dit opsê):

## Tik-tak-tok

Tik-tak-tok,

die muis hardloop op

teen die klok.

Die klok slaan kabam!

Die muis skrik hom lam.

Tik-tak-tok!



Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Dankie vir jou harde werk die week.

# Jy is 'n ster!



Laerskool Mikro Kopiereg ©